

# **Rolbal Suid-Kaap**

## **Presidentsverslag vir Raadsvergadering 9 November 2012-11-04**

Vergun my die geleentheid om my dank uit te spreek om President te wees van so 'n wonderlike distrik, aangesien hierdie my eerste Raadsvergadering is met al die afgevaardigdes van die klubs teenwoordig. Dit is werklik 'n voorreg om u as klubs te dien. My absolute waardering gaan aan my Bestuurskomitee, aangesien hulle elke dag uit hul pad gaan om hul beste vir die klubs te gee.

Dit sal verkeerd wees van my om nie nou spesiale melding te maak van die tragiese en ontydige heengaan van 'n Uitvoerende Bestuurslid en eertydse Vise-President, Lise de Villiers, nie. Lise, alhoewel sy ver was, was 'n lewende voorbeeld vir ons almal van hoe 'n ambassadeur vir Rolbal moet lyk – sy het geleef en gesterf vir Rolbal. Sy het geen moeite ontsien om al die reëlins vir die Loerie toernooi te tref, die akkommodasie ens te reël lank voor die tyd nie, en haar woorde aan my was nog “hoekom los ons dit so laat, ons moet dit hierdie jaar vroeër doen”. En dit is hoe Lise gewerk het. Haar insette op my Uitvoerende Bestuur, veral haar passie waar dit die O/19 en O/25 groep aangaan, word vreeslik gemis. Dit was wonderlik om op haar begrafnisdiens van haar passie vir die lewe te hoor. Ek vertrou dat haar inspirasie en nalatenskap nog lank in die Distrik gaan voortleef. Charles, Lise was wonderlik en ek kan my nie indink hoe groot die verlies vir jou en die kinders moet wees nie, maar glo en vertrou dat julle vertroosting sal vind in die wete dat sy haar lewe tot die uiterste geleef het en dat sy haar lewe gegee het vir haar familie, haar vriende, haar gemeenskap en niks minder nie vir Rolbal Suid-Kaap. Dit was vir my 'n voorreg om haar te ken en saam met haar te kon werk.

By die werkswinkel en middagete na die AJV op 11de Augustus het ek verduidelik hoe die mense in die ou Egiptiese tyd saamgewerk het om die piramides te bou. Ek wil elke klub bedank vir hul insette en samewerking die afgelope tyd. Dankie vir die bemoedigende eposse wat ek ontvang van mense wat eers vreemdelinge was vir my, maar nou vriende geword het. Japie hou aan om my daaraan te herinner dat as dit nie positiewe energie is nie, is dit nie die moeite werd om tyd daarop te mors nie.

My dank aan my Uitvoerende Bestuur, wat onmiddellik antwoord wanneer ek 'n antwoord verwag op korrespondensie, sodat ek 'n antwoord na die betrokke klub of persoon kan stuur en nie hoef te wag tot die volgende Uitvoerende Bestuursvergadering nie.

**Kommunikasie** was een van ons prioriteite en ons as 'n komitee het gou die vyf nommers van elke klub gekry en die sms bondel program in werking gestel met 'n reuse sukses en met tye baie snaaks omdat die lede van elke klub, wanneer hul die sms ontvang, mekaar kontroleer om te kyk of die opdrag uitgevoer is – dankie tog vir tegnologie!

Aan die ander kant is daar tog nog klubs wat hul eposse 'n maand nadat dit gestuur is eers oopmaak. Sonder ope kommunikasie is ons in die moeilikheid, maar die prosesse wat ons in plek gestel het, het 'n groot verbetering teweeg gebring en ek is seker die nuwe webwerf gaan kommunikasie verder verbeter. Ons gaan die webwerf verder onder algemeen bespreek.

### **Webwerf**

Soos belowe by die middagete met die AJV afgevaardigdes, gaan die webwerf opgradeer word of vervang word. Dit was duidelik met die verbetering van webwerf tegnologie, dat ons huidige webwerf nie meer aan ons verwagtinge voldoen nie en het ons besluit om kwotasies te kry en te begin met die ontwikkeling van 'n nuwe stelsel wat meer gebruikersvriendelik is.

Die webwerf is ontwikkel onder 'n anonieme naam en ons het verlede week aansoek gedoen om ons domein terug te kry van Elbert wat ons webwerf vir jare gedoen het en waarvoor ons baie dankbaar is. Die proses is verlede week gefinaliseer en onder die nuwe ontwikkelaar geplaas en hul het my verseker dat dit beter en baie meer gebruikersvriendelik gaan wees. Ek het alreeds al die foto's van die kompetisie wenners vanaf 2004 wat dan sistematies op die webwerf geplaas gaan word vir almal om te sien, asook al die notules sedert Januarie verlede jaar. Ons wag vir foto's vanaf elke klub wat op die tuisblad gaan roteer en die tuisblad gaan oopmaak met die foto van die klub wat die wenfoto ingestuur het. Die klub wat dan volgende jaar die klub van die jaar kompetisie wen, het dan die voorreg om eerste op die tuisblad te wees as dit oopmaak. Kompetisie trekkings sal ook op die webwerf geplaas word voordat dit uitgaan na al die klubs en 'n sms sal dan ook terselfdertyd uitgaan na elke speler wat ingeskryf het om te sê dat die trekking op die webwerf is. Dieselfde sal met die uitslae en met die wenners gebeur. Die databasis van alle geregistreerde afrigters en tegniese beamptes sal ook op die webwerf geplaas word.

So ek rig dan 'n versoek aan almal teenwoordig om te help om van ons webwerf 'n sukses te maak – kom ons maak dit 'n pronkstuk vir alle klubs en distrikte wat daarop ingaan – onthou hoe meer mense daarop ingaan, hoe meer adverteerders gaan ons kry wat wil deel wees van ons webwerf en hoe meer geld kan ons genereer vir die distrik.

In die tweede fase beplan ons dat die klubs teen 'n nominale fooi hul eie webwerf binne ons s'n kan bekom en in hierdie fase gaan 'n databasis ingebring word, waar elke lid kan gaan registreer en kan versoek om op 'n sms sisteem gevoeg te word. Afrigtings en tegniese inligting sal ook op die webwerf beskikbaar wees. Met die databasis sal al die klubkompetisies en wenners ook op die sisteem gelaai kan word.

**Staande komitees** – Ek moet sê dat in 'n kort tyd het heelwat lede onttrek vir verskeie redes.  
Kallie Haupt --- aangestel as Vise-President van Rolbal SA  
3x Dames Keurders --- persoonlike redes  
PRO Gerrie van Rensburg --- persoonlike redes sodat hy op die Nomads kan konsentreer  
Promosie en Ontwikkeling Michael Marques --- verhuis na Gauteng

Ek is egter verheug om die volgende nuut aangestelde staande komitees te kan aankondig.

1. Dames Keurders onder leiding van Dawn Hicks, wat met haar terugkeer vanaf Amerika, haarself saam met die ander keurders, Claudia de Hahn en Sarie Lessing, die ondankbare taak opgelê is om 'n groep saam te stel waaruit die Inter Distrik spanne gekies kan word.
2. Mans Keurders onder leiding van Peter Hudson bygestaan deur Piet Botha en Francis Williams, wat hul deeglik van hul taak gekwyt het sover.
3. Ontwikkeling, Promosie en Bemaking word verander na Lidmaatskap groei en Bemaking en hier het Theo van Aswegen homself beskikbaar gestel en het hy alreeds baie navorsing gedoen van waarop ons moet konsentreer om ons sport te groei en ons getalle te verhoog.
4. O/19 --- Ek is verheug om te kan aankondig dat ons Hilton Prince, 'n lid van George Klub en ook 'n onderwyser betrokke by die skool opleiding en afrigting, aangestel het as sameroeper van die O/19 afdeling van die Junior Rolbal en Johan Havenga behou die O/25 afdeling, maar hulle sal saamwerk, alhoewel Hilton volgende jaar saam met die O/19 span sal gaan. Ons het 'n program beraam en Hilton se opleiding as 'n skole rolbal afrigter sal volgende week begin, en hy het hom ook daartoe verbind om 'n verdere 4 skole te kry om in die skole liga te kan deelneem. Hierdie is 'n groot stap in die regte rigting en ek vertrou dat alle gekwalifiseerde afrigters vir beide Hilton en Johan die nodige bystand sal gee.

5. Afrigting (Tegniese adviseur in Afrigting en die Inter Distrik spanne) met Peet Badenhorst se insette op hierdie gebied, het dit 'n groot omswaai in die dinamiek en kultuur van die groep teweeg gebring, veral onder die mans, maar dit begin stadig deurwerk na die dames spanne.
6. Tegniese Beamptes --- Elize Nel is aangestel en dit is wonderlik om jeug met 'n visie in te bring en die manier waarop sy haarself van haar taak gekwyt het om merkers vir die meesters te kry, is prysenswaardig. Ondersteun haar asseblief in haar taak om tegniese beamptes aan te stel vir die All Cape wat voorlê.

**All Cape**, ons wens die komitee sterkte toe met hul werksaamhede en versoek elke klub om te verseker dat die maksimum spanne inskryf, sodat ons hierdie All Cape die grootste en mees suksesvolle ALL CAPE ooit sal maak, maar dit hang van u as klubs af om dit te verseker. Kom, maak u huise oop vir besoekers en kom ons kry 'n rekord getal inskrywings en wys ons buur-distrikte hoe dit gedoen word – hulle mag groter as ons wees, maar ons staan definitief nie terug vir hulle nie.

### **Jaarboek**

Dit word vandag uitgedeel en ek is seker dat ons almal die groot werk wat Koos ingesit het sal erken en die veranderinge in die boek maak dit baie meer gebruikersvriendelik vir beide die spelers en die klubs se Uitvoerende Bestuurslede.

### **Wapens vir die Distrik kompetisies**

Dit het ook gekom en sal uitgedeel word deur ons Kompetisie Sekretaris aan die persone wat die afgelope paar jaar nie gekry het nie en persoonlik dink ek die kwaliteit van die wapens is 'n groot verbetering.

### **Provinsial Sportraad en SASCOC voorskrifte en vergaderings**

Vir my sonde het ek hierdie portefeulje, maar dit is waar dit hoort. Dis 'n baie spanningsvolle portefeulje, met kennisgewings van vergaderings wat op baie kort kennisgewing uitgestuur word dat ek vergaderings in George, Kaapstad en selfs Johannesburg moet gaan bywoon, dat my eie rolbal soms daaronder lei, maar ek vertrou dat beide die Keurders en die Kompetisie Sekretaris dit in berekening sal bring en sal verstaan.

Met die verskeie vergaderings wat ek al bygewoon het, kan ek terug rapporteer dat die Rolbal oplossing wat ek voorgestel het by een vergadering om die Sentrale Karoo as 'n sone van Suid Westelike Distrikte, beter bekend as Suid-Kaap te behou, deur al die ander sportkodes aanvaar is. Die proses sal onder algemeen bespreek en goedgekeur word, aangesien ek 'n Algemene vergadering die 14de November op Beaufort-Wes het.

### **Distrik Akademie**

Hierdie is nog 'n punt wat uit die vergaderings van die Sportraad kom en daar word van ons verlang om 'n Distrik Akademie op die been te bring en die voorstel is dat dit op Oudtshoorn gevestig moet word, aangesien die Wes-Kaap se sportakademie op Oudtshoorn gevestig word en al die rolbal fasiliteite reeds daar in plek is, so dit sal die Departement niks kos om rolbal in die program in te sluit nie. 'n Vergadering tussen my Uitvoerende Bestuur en die Bestuur van Oudtshoorn Rolbalklub sal belê word om die nodige strukture vir die Departement daar te stel.

### **Borgskappe**

1. Ons 'n baie dankbaar vir die gebruik van 'n 10 sitplek bussie wat deur Mosselbaai Toyota gegee is vir die Loerie Toernooi.

2. Theo van Aswegen het in sy persoonlike hoedanigheid die petrol geborg vir die bussie na Swellendam
3. 'n Anonieme donasie van 'n speler vir R1000.00 teen die kostes van die Inter Distrikte toernooie. Om dit anoniem te hou het ek 5 x lootjielyste in haar naam uitgemaak – 'n wonderlike gebaar van die speler waarvoor ons baie dankbaar is.

### **Keuring**

Ek wil graag kommentaar lewer oor keuring. Ons het 'n baie produktiewe keuring seminaar op die 31ste Oktober vanaf 08:00 tot 14:00 by die Kenako Golf Akademie gehad, waar al die keurders teenwoordig was, tesame met die Vise-President Japie en ekself. Alle aspekte van keuring en bruikbare internasionale dokumente is bespreek en beide ek en Japie voel dat al die keurders van mekaar kon leer en met mekaar kon deel en 'n gesamentlike pad vorentoe vir keuring in die Distrik kon bereik.

Een saak wat ek van my kant af wil beklemtoon, is dat ons as sportmanne en -vroue moet kan verloor en om nie gekies te word nie, is net 'n ander vorm van verloor. Daar is baie maatstawwe vir keuring en dit is ook opdateer en sal op die webwerf geplaas word, sodat almal dit kan sien en sal ook bespreek word met die spelers by die volgende oefensessie vir mans en dames in Oudtshoorn op die 18de November.

Keuring sal altyd 'n netelige saak wees en glad nie verskillend van die land, Groot Brittanje, wat 'n uitstekende Olimpiese Spele gehad het nie, waar die keurders 'n persoon gekies het vir die enigste oop plek in die 800m vir vroue, het hulle Lynsey Sharp gekies wat 'n hele sekonde stadiger was op haar persoonlike beste, as die ander mededingers, en dit is 'n meetbare maatstaf. So waar 'n span gekies moet word, is daar nog baie meer maatstawwe vir keuring as slegs 'n enkele maatstaf of 'n akkumulatiewe puntestelsel. Inter-Distrik spelers wat nie gekies word nie, moet selfondersoek doen en die vraag vra "wat bring ek na die spel, behalwe slegs my twee balle", en dit word deur die Australiese Akademie met groot sukses gebruik. So teleurstelling is deel van sport.

### **Uitvoerende Bestuur sluiting en naweke**

Net soos Rolbal Suid-Afrika, het die Uitvoerende Bestuur en Bestuurskomitee gevra vir 'n tydperk waar hulle ook tyd kan maak vir hul families, en alhoewel ons nog steeds beskikbaar sal wees per epos en telefoon, maak ek 'n aanbeveling dat ons kan sluit tussen 14de Desember en 3de Januarie.

Mede rolbalspelers, my bestuurskomitee het ook versoek dat hulle privaattyd ook gerespekteer word, omdat ons ons tyd vir rolbal gee en dit is 24/7, maar dat die Sekretaris oproepe kry op 'n Sondagaand, om 'n afrigter te help om 'n vorm in te vul, is nie deel van die ooreenkoms nie. Nie een van ons word betaal vir ons taak om rolbal te dien nie en het almal nog families en ek glo die klubs sal dit respekteer en op redelike tye skakel.

### **Media**

Hierdie is 'n saak wat my bekommer, want praat mens met klub presidente en lede is daar wonderlike goed wat in elke klub gebeur, en behoort elke klub gewillig te wees om die goeie te deel met almal in die Distrik en te spog met hulle prestasies. Ek vra asseblief dat 'n groter poging aangewend moet word om nuus by Jaco te kry wat gebruik kan word in ons Distrik se nuusblad en meer so om deur te gee na die media. As enige iemand van die bestuurskomitee of klubs se uitvoerende bestuur artikels deurgee na die media, sal hulle krediet daarvoor kry, maar Jaco moet asseblief kennis dra van wat na die media gestuur word. Ons het twee media verteenwoordigers op die Uitvoerende Bestuur en hulle is: Johnny de Kock en Philip Hattingh, so jul artikels kan ook na hulle gestuur word asseblief. Dit is belangrik, want die artikels mag in jul plaaslike media verskyn, maar die Uitvoerende Bestuur en Jaco sien nie jul plaaslike koerante nie. So ek versoek

alles klubs om artikels wat in jul plaaslike koerante verskyn het asseblief na Jaco en die Uitvoerende Bestuur te stuur. Elma Davis is aangestel as die administrateur van die nuwe webwerf en al julle foto's en gebeure behoort op die web geplaas te word vir almal om te sien.

### **Rolbal SA Staande Komitees**

Baie geluk aan Kallie Haupt wat verkies is as die Vise-President van Rolbal SA.

Ons gelukwense gaan ook aan Vlam Basson wat herkies is op die Rolbal SA se staande komitee vir bane en Peet Badenhorst wat herkies is as 'n Nasionale keurder.

### **Sport toekennings --- SWD**

Ek wil graag vir beide Koos, wat aangewys is as 'n finalis in die Administrateur van die Jaar, en ons dames A span, as finalis in die Span van die Jaar, geluk wens en wens hul sterkte toe en vertrou dat hulle die toekennings sal terugbring huius toe.

### **SA MEESTERS**

Billy en Elma is weer genooi na die SA Meesters en Rozanne na die O/25 Meesters. Ons is baie trots op hulle en wens hulle voorspoed toe met hul oefening en voorbereiding vir die toernooi and ek is seker dat hulle die hele Distrik se goeie wense saam met hul sal neem wanneer hulle vir die res gaan wys wat ons in die Suid-Kaap het.

### **Afrigters/Tegniese Beampes en Merkers registers**

Christine het hierdie registers bestel, aangesien ek gesien het dat so baie daarvan wat in ons klubs hang verouderd is en sleg lyk. Hulle kos R10, so sal elkeen asseblief 'n bestelling daarvoor by Christine plaas dat ons erkenning kan gee aan diegene wat hul tyd opoffer as beide Tegniese Beampes en Afrigters.

### **Jaareind prysuitdeling**

Ek wil hê dat ons 'n kommissie buite die Uitvoerende Bestuur moet aanstel om 'n haalbaarheids-onderzoek te doen oor hoekom ons in die Suid-Kaap nie kan of wil 'n prysuitdelingsfunksie hou nie. Wanneer ek in 'n vergadering sit met meer as 100 federasies teenwoordig, is dit net Rolbal en een ander federasie wat nie aan hul spelers erkenning gee vir prestasies wat deur die jaar behaal is nie en ek voel dit is verkeerd en behoort aangespreek te word.

### **Geskiedenis van Rolbal Suid-Kaap**

Ek wil graag 'n aanbeveling hê van iemand wat bereid sal wees om die geskiedenis van Rolbal Suid-Kaap vir ons te skryf vir die webwerf. Ek is baie seker dat Rolbal Suid-Kaap 'n ryk geskiedenis het en dit moet gedokumenteer word.

### **Feesseisoen**

Mag ek en my komitee, sowel as die Bestuurskomitee, aan almal wat Kersfees gaan vier hierdie jaar saam met familie en vriende, 'n geseënde tyd toewens en mag u wat gaan reis, voorspoedig reis en dié wat familie en besoekers kry, elke oomblik daarvan sal geniet en koester en in die nuwe jaar met nuwe ywer en entoesiame vir rolbal sal kom, dat ons die sport ROLBAL tot nuwe hoogtes sal groei.

Geniet hierdie familietyd en mag u geseën wees met 'n verrykte en gesonde 2013!

TREVOR DAVIS  
PRESIDENT